



Ons is so bewus van die Here se liefde, genade en vrede op hierdie laaste Sondag van Julie ... presies 4 maande gelede op 26 Maart het inperking begin ... ons het feeste gevier ... Lydenstyd se einde ... Paasfees ... Hemelvaart ... Pinksterfees ... en nou is ons in Koninkrykstyd ... om te leef as Christene in gewone lewe wat alles behalwe gewoon uitgedraai het in 2020 ...

Romeine 8 : 15 – 25 het verlede week beloof dat God op al ons EINA bly AMEN sê met Sy liefde ... ons altyd deur Gees laat onthou ... ABBA Vader ... ons is kinders van God ... groet jouself en mense saam so ... *Ek/Jy is kind van God ... Hy het my/jou lief!*

Waarvoor is jy/julle vandag dankbaar ... dink saam aan so 'n paar dinge ...

### **Ons raak stil en doen saam 'n belydenis:**

*O God, U het 'n pa en 'n ma se liefde vir my.  
O God, U voel my pyn en huil vir my.  
O Christus, U het ergste -die pyn van die kruis –  
in die oë gekyk en dit oorkom.  
O Gees, U raak hierdie stukkende wêreld  
aan met U helende vrede,  
U hou my vas tot die pyn verdwyn  
U laat my lag van dankbaarheid.*

Ons lees die laaste 3 weke uit Romeine 8 ... en wanneer mens rustig daardeur lees borrel dit van die beloftes dat God ons nie op ons eie in die wêreld los nie. God beloof dat Hy aanhou werk ... vir ons nou en ons toekoms ...

Verlede week het ons bely ... Hy maak van ons EINA in die lewe 'n AMEN – ek is Sy kind. Vandag se beloftes wil ons met die AMEN vol vrede laat opstaan vir 'n HALLELUJA ... ek gryp die lewe opgewonde vas en loof God vir Sy goedheid.

### **Daarom kan ons nou saam sê:**

U is heilig, Here.  
U is die enigste Here ... U daade is wonderlik.  
U is magtig – die Almagtige.  
U is groot – die Allerhoogste.  
U is Liefde ... U is Wysheid  
U is ons Rus .. U is ons Vrede ... U is ons Vreugde.  
U is ons Rykdom – U sorg vir ons.  
U is ons Beskermer en ons Bewaarder.  
U is ons Veilige Hawe en ons Enigste Hoop  
U is ons enigste Troos, die Een in wie ons glo. AMEN

## **Die Woord in Romeine 8:26-39 het vandag 3 beloftes:**

**Rom 8:26** ... *Die Gees staan ons ook in ons swakhede by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie ...*

- Die Gees neem ons swakhede oor ... sorg dat ons gekreun en stotter en swyg woorde word wat ons nood uitdruk ... ook as ek nie 'n *idee* het wat om te bid ... die Heilige Gees bid vir my ... *Halleluja* ... God praat nie net met ons nie, maar Hy luister na ons.
- Wat beteken dit vanmôre vir my/ons in dit wat met my/ons aan die gebeur is in hierdie vreemde en onseker tyd?

**Rom 8:28** ... *Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.*

- *Halleluja* ... wonderlik dat Hy my op die spoor hou ... *met 'n krom stok'n reguit lyn trek* ... my Vader sal aanhou om in my en deur my iets goed te skep ... sodat ek my doel behou ... Jesus al duideliker maak ...
- Dink bietjie terug aan jou/julle lewe? Was daar 'n tyd wat donker en deurmekaar was? Hoe het dit uiteindelik uitgewerk? En wat sal nou gebeur met hierdie belofte? Hoe help dit my/ons vandag?

**Rom 8:39** ... *niks in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.*

- Ons elke-dag-hier-lewe-se-swaarkry is nie sterk genoeg om God se liefde te breek nie ... *Halleluja* ... God is aan ons kant ... in ons skoene ... maak ons deur Gees sterker as die swaarkry!
- *Net een of twee dinge wat nou baie swaar is* ... herhaal die belofte ... noem dit ... en roep dan uit ... dit sal nie God se liefde vir ons breek nie ... Hy laat my 'n oorwinnaar wees!

**Die nagmaal getuig en waarborg vandag** ... Ons is syne! Hy sê dit vir ons oor en oor in Sy Woord. En elke keer mag ons dit glo ... al voel ABBA Vader ver weg ... en my EINA word nie AMEN ... nog minder kom ek by AMEN wat HALLELUJA word ... Die Here wil deur die Nagmaal al die twyfel-stemme stil maak sodat ons Sy stem kan hoor ... Kyk, hierdie brood en wyn is my liggaam en bloed. Dit is vir jou om te eet en te drink. Want dit is vir jou wat Ek daarmee gekoop het. Jy is myne, jy hoef nie, nee, jy mag nie daarvoor twyfel nie.

### **Doen nou die gebed saam:**

*O Here, U goedheid is groter as die grootste boosheid;*

*U liefde is sterker as al die seer in ons land;*

*U lig skyn helderder as die donker in ons harte;*

*U het op aarde kom lewe om die dood te oorwin.*

*Daarom is ons meer as oorwinnaars deur U wat ons liefhet.*

### **Maak gereed om die Nagmaal te gebruik:**

- Die **brood** wat ek nou gaan eet ... *is my deel hê aan Jesus se groot daad van liefde sodat niks my kan breek en van Sy liefde skei nie ...*
- die **beker** wat ek nou gaan drink ... *is my deel hê aan Jesus as die ewige bron van liefde wat my sal bly vorm as God se kind ...*

### **VREDE VIR JOU!**